# ENKELE GEDAGTES OOR KUNS, GODSDIENS, SEDELIKHEID EN SENSUUR

'n Kunswerk spreek tot ons op meer as een manier.

Dit spreek tot ons as skoonheid—dus suiwer esteties.

Dit spreek ook tot ons as draer van sedelike, godsdienstige, maatskaplike, staatkundige e.a. gedagtes.

Daarom is daar ook tweeërlei kritiek:

(a) **Suiwer estetiese kritiek.** Daarby interesseer die sedelike, godsdienstige e.a. gedagtes ons alleen in sover hulle deel geword het van die estetiese eenheidsbeeld wat die kunstenaar geskep het.

Ons moet onthou dat die kuns, die wêreld van die skone, 'n wêreld is wat geregeer word deur sy eie wette, netsoos die wêreld van die sedelike en van religieuse geregeer word elkeen deur sy eie wette. Nie dat daar nie 'n baie nou verband is tussen hierdie onderskeie wêrelde nie. In die wêreld van die skone geld ook die wette van die sedelike en die religieuse, maar dan soos gekwalifiseer deur, onder leiding van die estetiese wette.

Om dit met 'n voorbeeld toe te lig: dis sedelik verkeerd om onnodig die sondige uit te beeld en daardeur jouself en ander te prikkel tot verdere sonde. En tog is dit in die kuns geoorloof en selfs noodsaaklik. Wie die lig wil uitbeeld, moet dit stel teenoor die duisternis—dis alleen in hierdie teenstelling dat ons, sondige mense, dit kan sien. Om die oorwinning oor die sonde uit te beeld, moet daardie sonde self in sy verwoestende werking uitgebeeld word. So ook kan geloof as oorwinning oor twyfel en ongeloof alleen oortuigend uitgebeeld word as die skrywer ons daardie twyfel en ongeloof laat belewe. Anders kry ons slegs die soetelike bekeringsgeskiedenisse van traktaatjies met hulle bleke skimme i.p.v. mense.

Dis trouens wat die Bybel ook doen—ek verwys slegs na die tekening van die sonde van Sodom en Gomorra in die skrilste kleure, na die uitvoerige verhaal van Dawid se owerspel met Batseba en die lae moord waar dit hom toe gebring het. Eers nadat hy deur die sware straf tot berou gekom het, openbaar hy hom as die groot geloofsheld.

In ons sondige bedeling sien ons die dinge altyd as teenstelling, ervaar ons dit as die konflik tussen lig en duisternis, die gees en die vlees, weemoed voor God en trotse opstandigheid.

Maar in hierdie vryheid wat die estetiese skenk, bly darem tog die etiese, die religieuse wette geldig: as die sonde, die hartstog, die opstand teen God uitgebeeld word bloot uit sondige drang, uit verlustiging daarin is dit nie alleen onsedelik, irreligieus nie maar druis dit daardeur ook in teen die skoonheid.

'n Kunswerk kan nie onsedelik, godslasterlik en tegelykertyd hoë kuns wees nie.

Maar die estetiese kritiek is veral daarmee gemoeid in hoever die al of nie gehoorsaam van die kunstenaar aan die etiese en religieuse wette die estetiese wet eerbiedig of verkrag.

(b) Almal besit egter nie die nodige estetiese ontwikkeling of aanleg, wat nie noodwendig met „geleerdheid" saamhang nie, om 'n kunswerk suiwer esteties te benader en te beleef nie. Vir diegene wat dit nie besit nie, kan sedelike of godsdienstige voorstellinge en konsepsies wat esteties geregverdig is, tog 'n nadelige werking hê. Hulle mag bv. nie in staat wees om die uitbeelding van sonde en opstand in sy versoenende skoonheidsverband te sien nie en daardeur 'n ondermynende invloed in hulle sedelike en religieuse lewe daarvan ondergaan. Sulke mense moet leiding ontvang—dit kan selfs nodig wees dat hulle heeltemal afgeraai moet word om hulle in dergelike kuns te verdiep. Hierdie leiding deur geestelike leiers sou ons **pedagogiese kritiek** kan noem.

Die taak wat op ons geestelike leiers rus om hierdie pedagogiese kritiek uit te oefen, is besonder moeilik en verantwoordelik. Ek wys op enkele aspekte:

(1) Daardie leier mag nie somaar 'n kunswerk van buite-af veroordeel nie. Hy moet dit as kuns betrag, diep deurdronge van die besef dat kuns 'n gawe is wat God aan die mens gegee het, en daardeur vir die mens ook 'n roeping om dit aan te wend as skepper of as genieter.

Trouens as hy dit nie doen nie, is hy nie geskik om as leier op te tree nie, want hy besef nie watter skoonheidselemente diegene verlei wat nie die gawe van onderskeid het om te beoordeel in hoever die sedelike en religieuse wette saam met die estetiese wette saamgewerk het tot skoonheid of nie.

(2) Hy moet weet wat die ontwikkelingspeil is van diegene wat aan sy leiding toevertrou is, in hoever hulle ryp is om te onderskei tussen suiwere en onsuiwere skoonheid.

(3) In sy kritiek mag hy nie die skoonheidsgevoel ondermyn nie—hy moet dit juis tot ontwikkeling help bring.

| |
|---|
| 'n Kunswerk kan nie onsedelike, godslasterlik en tegelykertyd hoë kuns wees nie. |

Hiermee kom ons vanself by die probleem van **sensuur** deur die owerheid. Ek noem dit bewus 'n probleem.

Daar is van ons wat meen dat die hele vraagstuk van die nadelige invloed van die kuns heel maklik opgelos kan word as die staat slegs wil optree as polisieman wat onverbiddelik in die ban doen alles wat sedelik of religieus skadelik kan wees.

So eenvoudig is die saak egter nie. Ek noem enkele oorweginge wat hier 'n rol speel:

(1) By gewone lektuur, waar die estetiese nie 'n belangrike rol speel nie, sal die beslissing betreklik eenvoudig wees. Maar om werklike kuns vanuit hierdie standpunt te beoordeel, moet mens ook die gawe van estetiese kritiek hê—ek kan my 'n staatsamptenaar of 'n deur die staat aangestelde sensuurraad moeilik in hierdie rol indink.

(2) Die kunstenaar speel in die maatskappy die rol van die rustelose vernuwer; hy voer 'n verbete stryd teen die gevaar van verstarring, van bekneld raak in die bande van konvensie en sleurgewoonte. Mens hoef slegs op te let hoe dikwels periodes van kunsinsinking, wanneer die kunstenaar dus nie hierdie taak vervul nie, saamval met tydperke van nasionale en maatskaplike slapheid en selfingenomendheid.

Die kunstenaar is dus van aanleg revolusionêr, of die maatskappy dryf hom daartoe. Hy is gedurig in opstand juis teen so baie dinge wat hy beskou as verstarde vorm, as verduistering van die wese van die dinge—en dis dikwels juis hierdie vorm wat die maatskappy in sy behoudendheid beskou as die kern, as dit wat hom 'n houvas en rus gee in die lewe. Die kunstenaar kom telkens ons dierbare rus verstoor in sy rustelose soek na geestelike waardes, en dan loop ons gevaar om te dink dat hierdie aanval op ons verstarde vorme, op so baie wat ons dierbaar is omdat dit ons geestelike traagheid bevredig, 'n aanval is op ons beginsels, wat hy dikwels slegs skynbaar aanval en in werklikheid beter aanvoel en belewe.

Voor ons dus 'n kunstenaar verklaar tot 'n verbreker van ons sedewette, 'n lasteraar, moet ons ons baie goed afvra of die fout nie by ons self lê nie.

Want die kunstenaar is profeet—hy is sy tyd vooruit en word daardeur so dikwels nie verstaan nie. Ons loop gevaar om alleen die eensydigheid in sy strewe te sien en nie die werklik nuwe wat hy bring en wat later geslagte dankbaar sal aanvaar nie.

(3) Dis moeilik om te glo dat 'n deur die staat aangestelde sensor of sensuurraad opgewasse sal wees teen hierdie moeilike taak, waar selfs die beste kritici van alle tye dikwels gefaal het.

So 'n sensuur kan 'n groot bedreiging wees vir die vryheid en bloei en dus heilsame funksionering van die kuns . Ek verwys as uiterste voorbeeld na wat nog maar onlangs in Duitsland gebeur het toe die werk van groot kunstenaars o.a. van niemand minder as Vincent van Gogh nie, as ontaard verklaar is, omdat dit in stryd was met die ideologie van die staat, verbeurd verklaar en in die buiteland verkoop is ten bate van die staat, terwyl hulle self verbied is om verder kuns te produseer.

(4) Is dit moontlik om 'n konsekwente sensuur te handhaaf? Dan sou dit ook buitelandse en vroeëre kuns oor die selfde kam moet skeer as eielandse en eietydse. Maar, soos betoog, word ons oordeel oor eietydse kuns so beïnvloed deur die tydgees, dat dit maklik kan gebeur dat 'n werklik hoogstaande kunswerk in die ban gedoen word. Om konsekwent te wees sou dieselfde dan ook moet gebeur met klassieke werke uit die wêreldletterkunde!

(5) So gou ons kom by die probleem van die vryheid van die pers, van die woord, van die kuns, moet ons besef dat ons kom te staan voor 'n ontsaglik ingewikkelde vraagstuk en dat die grenslyntjie tussen vryheid en dwinglandy baie dun is.

(6) Tenslotte wil ek nog daarop wys dat sensuur, indien nie besonder doeltreffend toegepas nie, aan 'n ongewenste kunswerk juis 'n gevaarlike publisiteit kan gee.

Ek hoop nie dat u uit hierdie betoog sal dink dat ek slegs 'n negatiewe standpunt t.o.v. die probleem wil propageer nie. Inteendeel, ek wil graag 'n paar positiewe aspekte sterk beklemtoon:

(1) Dit spreek vanself dat 'n sekere mate van sensuur deur die owerheid onmisbaar is. Ons moet van die owerheid eis dat hy ons beskerm teen lektuur wat 'n duidelike verderflike doel en strekking het, teen pornografiese, godslasterlike, staatsondermynende geskrifte, hoewel die uitvoering van hierdie taak altyd baie moeilik sal bly.

(2) Ek het betoog dat die sedelik of godsdienstig skadelike van 'n kunswerk baie sterk afhang van die ontwikkelingspeil en mentaliteit van die leser of betragter. Die staatsensuur moet noodwendig rekening hou met die bevolking as geheel. Dit kan bv. nie 'n boek weer omdat dit skadelik kan wees vir jong kinders nie. Dit sal dus sy bakens baie wyd moet stel, so wyd dat dit nie veel praktiese nut sal hê nie in ons tyd waarin elkeen, deur die openbare biblioteke, toegang het tot elke boek en tot elke museum.

(3) Ons moet dan ook besef dat die taak, wat ons nou gemakshalwe op die staat wil afskuif, ons eie taak is.

Nie deur die kind deur die sensuur af te kamp van die gevaar moet ons die euwel bestry nie. Ons moet positief optree en hom deur die opvoeding, deur sy godsdienstige vorming wapen, pantser teen die verleidinge wat hy in die kuns netsoos in die lewe sal teëkom. Ons opvoeding, in die huis, in die skool, in die kerk, moet daartoe strek dat hy instinktief hom sal afkeer van wat ongesond is, en hom gretig sal wend tot wat gesonde voedsel is.

Ek wil hierdie algemene opmerkinge toespits op enkele konkrete toepassinge op die huidige toestand op hierdie gebied in S.A.

Daar was 'n tyd dat ons so bly was om leesstof in eie taal te kry, da ons nie sterk krities teen eie geskrifte kon staan nie. Maar daardie tyd is nou darem verby. Daar is werklik geen gebrek aan 'n ruime verskeidenheid van leesstof in Afrikaans nie.

Die vraag is maar of daardie leesstof ook Afrikaans van gees is. Ek vrees dat ons 'n tydperk van groot vervlakking beleef. Daar word ontsaglik veel gelees. Maar wat lees ons? Wat gee ons uitgewers in tienduisende eksemplare uit? Is dit nie maar steeds rampokker en moord- en speurverhale nie? Het dit u nie getref hoe die peil van ons populêre tydskrifte die afgelope jare angswekkend gedaal het nie, hoe hulle mekaar intekenaars afrokkel deur die plasing van sensasiewekkende verhale en mekaar daardeur dwing om tot 'n nog laer peil te daal?

Ek spreek hiermee nie 'n finale oordeel uit oor alle spanningskuns as sodanig nie. Die behoefte aan handeling en aan 'n primitiewe heldeverering is 'n ingebore trek by die mens, en vorige geslagte het ook hulle Buffalo Bill en Sidney Carter of wie hulle ook mag wees, gehad. Maar die bedenklike is vir my dat hierdie soort lektuur vrywel die uitsluitende leesstof geword het vir 'n groot deel van ons volk. Lees het slegs die passief ondergaan van sensasie geword — 'n enkele ernstige boek word slegs op bevel deurgeworstel

vir 'n eksamen. Kan ons verwag dat by so 'n verslapping van die gees, so 'n volslae gebrek aan positiewe, aktiewe strewe na geestelike waardes, daar die nodige onderskeidingsvermoë sal wees tussen wat eties, religieus gesond is en wat nie, dat ons jonger geslag gewapen sal wees teen die geestelike booshede in die lug?

Wie die ontwikkeling van ons jong letterkunde beleef het, onthou hoe die verskyning van 'n werk van Jochem van Bruggen, 'n D. F. Malherbe, 'n beskeie maar egte bundel van M.E.R. met blydskap ervaar is. Vandag geskied dergelike uitgawes met 'n verlies of met 'n klein diwidend oor so'n lang termyn dat dit nie lonend is nie. Alleen die feit dat groot aantalle eksamenkandidate dit as voorgeskrewe boek moet lees, red die situasie enigsins.

Ons kan verwag dat hierdie sensasielektuur, wat 'n industrie geword het, ook die gevaarlike terreine van sinneprikkeling sal gaan opsoek, soos reeds die geval is.

Aan wie moet ons die skuld gee? Die uitgewers sal dit wyt aan die smaak van die publiek, en met 'n groot mate van reg, mits ons nie vergeet nie dat hulle die publiek tot hierdie smaak help opvoed het en hierdie smaak verder help bestendig.

Maar sal dit nie vrugbaarder wees nie as elkeen van ons, met name ons opvoeders, duidelik ons stem laat hoor en tot dade oorgaan nie?

Ons moet ons opgroeiende geslag laat verstaan dat daar hoëre waardes in die lewe is as die heldedade van Tarzan en rampokkers en speurders. Ons moet hulle prikkel tot geestesinspanning deur hulle aandag te rig op lektuur en literatuur wat werklik kan dien as geestelike leesstof. Ons moet aan die redaksies van ons tydskrifte duidelik laat verstaan dat ons nie langer van hierdie geestelose inhoud gedien is nie—as hulle dit nie wil glo nie, moet ons weier om langer intekenaar te bly. Ons moet ophou om langer die werke te koop waarmee die uitgewers die boekemark oorstroom, nie langer lid bly nie van die intekenskemas wat so baie gedoen het om die peil te verlaag nie. Ons moet 'n einde maak aan die eensydige samestelling van ons biblioteke, ook van ons skoolbiblioteke. En as ons skrywers dan nie in staat is om te voorsien in die behoefte aan die regte lektuur nie, dan moet ons valse nasionale skaamte opsy sit en aandring op goeie vertalings van goeie werke van ander volke.

G. DEKKER.